

***Geagte Inwoner***

Mosselbaai-munisipaliteit se Raad en Administrasie werk besonder hard om die ekonomiese volhoubaarheid van ons plaaslike owerheid te beskerm en verder uit te bou. Benewens herhaalde skoon oudits oor etlike jare deur die Ouditeur-generaal, het gerekende graderingsmaatskappye soos Ratings Afrika en Good Governance Africa die munisipaliteit herhaaldelik die finansieel volhoubaarste munisipaliteit in die land gegradeer - soos trouens ook uit die jongste gradering deur Ratings Afrika blyk.

Ongelukkig is verskeie mistastings oor die finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit onlangs via sosiale media versprei sonder dat die gesiglose outeur(s) van 'n sogenaamde te stigte *Vereniging* probeer het om die juistheid van hul interpretasie van finansiële inligting vooraf te verifieer. Dit noop my dus om enkele wanopvattinge direk aan te spreek en ek sal in die komende dae weer hieroor met u kommunikeer.

Sedert hierdie Raad ingehuldig is, is uitnodigings aan inwoners om van ons oopdeurbeleid gebruik te maak gereeld herhaal. Ook die munisipale direksie is toeganklik en sal met graagte navrae hanteer en/of aantygings in perspektief stel, waar nodig. In die onlangse verlede het inwoners ruim geleentheid gehad om via die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) openbare vergaderings enige vrae oor die begroting te stel. Die munisipale Algemene Jaarverslag is onlangs deur die Raad aanvaar en kopie daarvan is by die munisipale kantore en openbare biblioteke beskikbaar. Net so het die konsepbegroting geruime tyd by biblioteke en kantore ter insae gelê met die versoek dat inwoners daarop kommentaar sal lewer.

Vandeesweek is die 2022/2023 Begroting in die Raad goedgekeur. Mosselbaai-munisipaliteit is die mees finansieel volhoubare munisipaliteit in Suid-Aafrika – soos onafhanklik deur die graderingsagentskap Rating Afrika gegradeer. Ek kan dit onomwonde stel dat die likiditeitsverhoudings van die munisipaliteit gesond is en dat Mosselbaai-munisipaliteit 'n positiewe kontantsaldo in reserwe het. Munisipale lenings deur hierdie munisipaliteit is van die laagste in die land, maar tog is daar doelbewus lenings vir die komende finansiële jaar aangegaan om vir die snel-groeiende vraag na dienste voorsiening te kan maak. Alle lenings wat aangaan is, is ten opsigte van inkomste-genererende projekte.

Mosselbaai is steeds die voorkeur semigrasie-bestemming en dit sal onverantwoordelik wees om dié groei en moontlike toekomstige probleme wat hierdie groei kan meebring, te ignoreer sou nie nou pro-aktief opgetree word nie. Die aantygings in die skrywe het onder meer nie die raamwerk van relevante plaaslike owerheidswetgewing of -regulasies in ag geneem nie alvorens dit versprei is – 'n basiese vereiste waarop enige rekenmeester die outeur(s) sou kon adviseer.

► Die skrywe beweer - **Ondersoek moet onmiddellik gedoen word oor die bestuursvermoë van MBM oor die eienaars se geld.**


Uit bogenoemde graderings is dit duidelik dat Mosselbaai-munisipaliteit se finansies besonder goed en boonop volhoubaar bestuur word en dat inkomste uit tariewe, belastings en boetes na behore en tot voordeel van die groter Mosselbaai se inwoners aangewend word. Beweringe tot die teendeel is nie net kwaadwillig en verwerplik nie, maar dui waarskynlik op onkunde en dalk net behoort die outeur(s) hul skoolgeld vir rekeningkunde / boekhou terug te vra.

Die gesiglose outeur(s) het wel daarin geslaag om deur hul onnadenkende optrede en oningeligte afleidings onnodige skade te doen aan die volgehoue, toegewyde en harde werk om die groter Mosselbaai as die voorkeur-beleggingsbestemming en ideale leefruimte te vestig. Trouens, die dorp word reeds as die voorkeur-semigrasiebestemming gegradeer. Hierdie munisipaliteit doen alles moontlik om volgehoue dienslewering sonder weerga te verseker terwyl 'n pertinente fokus geplaas word op gemeenskapsveiligheid, ekonomiese groei, 'n gesonde omgewing en sosiale vernuwing binne die raamwerk en fokus van effektiewe bestuur.

**WANOPVATTINGE**

Tóg moet die wanopvattinge juis weerlê word ter wille van die gemoedsrus van ons inwoners wat oorweldigend hul vertroue in hierdie Raad gestel het. Vergun my enkele opmerkings in hierdie verband.

► Die skrywe beweer dat die munisipaliteit **10 jaar gelede skuldvry was maar tans staatshulp benodig 'om die Munisipaliteit aan die gang te hou.'** Uit die onderstaande grafiek kan gesien word dat die kontantbalans oor die afgelope tien jaar inteendeel *beduidend toegeneem* het.




► Die skrywe beweer **Debiteure-invordering word tans 53.55% onder die aanvaarbare norm ingevorder.**

Die Munisipaliteit erken dat dit buite die norm funksioneer ten opsigte van die betaalsyfer van Debiteure, basies weens drie redes, naamlik:

- Verandering in die kwalifikasievereistes vir deenishuishoudings (2019);
- Covid (2020); en
- Profiel van Residensiële kliënte en gevolglik tydsduur van boedel-afhandelings (deurlopend)

Dié uittreksels uit die state bewys die verswakking vanaf 2018, asook die herstelproses tot 2021. Die outeur(s) moet in gedagte hou dat sou 'n persoon een of twee maande se betaling agter raak, neem dit gemiddeld 24 maande om die skuld af te betaal.

Uittreksel uit 2021 se finansiële state:

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| **Debtors collection period (days)** | **46,8** | **41,4** |
| Consumer debtors * 365 | 35 754 477 043 | 29 584 368 272 |
| Rates revenue + Services revenue + Debtors income | 763 443 923 | 714 755 849 |

Uittreksel uit 2021 se finansiële state:

| | 2021 | 2020 |
|---|---|---|
| **Debtors collection period (days)** | **42,3** | **55,2** |
| Consumer debtors * 365 | 40 288 487 501 | 47 690 849 455 |
| Rates revenue + Services revenue + Debtors income | 953 061 644 | 863 453 434 |

Die outeur(s) moet ingedagte hou dat met die "Debt impairment" daar voorsiening gemaak word vir die moontlike nie-vordering van debiteure en (NB) word daardie las nie op toekomstige verbruikers geplaas nie.

► Die skrywe beweer - **Van 2017 tot 2021 – 5 jaar het kontrakteurs uitgawes van R51 610 637 tot R191 477 863 toegeneem**

**a. Die gemiddelde inflasie koers is 25% oor die 5 jaar die MBM kontrakteurs uitgawes is op met 73.05%**

**b. Kontrakteurs en die uitgawe daaraan in MBM is totaal buite beheer.**

Die uitgawes wat ingesluit word in die klassifikasie "Gekontrakteerde uitgawes" het gewysig, spesifiek ná 2017. Die Generally Recognized Accounting Practice (GRAP 3) bepaal dat indien daar enige herklassifikasie van uitgawes is, moet dit in sodanige nota geopenbaar word. Hierdie herklassifikasie is teweeg gebring met die afkondiging van die mSCOA (municipal standard chart of accounts)-regulasies.

Die oorskakeling het met die 2018 finansiële state plaasgevind, dus was met die 2018 finansiële jaarstate 'n herklassifisering van uitgawes nota, Nota 44, opgestel wat die uitgawes, soos geoudit in 2017, omskakel na die nuwe rapporteringslyne.

Hier volg 'n uittreksel van die Nota 44 soos geouditeer in 2018. Gekontraketeerde uitgawes het van R 38 miljoen verhoog na R91 miljoen.

| | 2017 previously reported | Reclassifi-cations | Prior period errors / Change in accounting policy | 2017 restated |
|---|---|---|---|---|
| **Expenditure** | | | | |
| Employee related cost | 243,654,622 | (25,938,820) | (4,841,418) | 212,874,384 |
| Remuneration of councillors | 9,786,303 | - | - | 9,786,303 |
| Depreciation, amortisation and impairments | 63,793,232 | (315,117) | 3,380,326 | 66,858,441 |
| Debt impairment | 20,384,942 | - | 3,710,106 | 24,095,048 |
| Finance cost | 7,164,900 | - | (4,005) | 7,160,895 |
| Collection cost | 5,718,148 | (5,718,148) | - | - |
| Repairs and maintenance | 51,712,154 | (51,712,154) | - | - |
| Bulk purchases | 276,942,760 | (11,614,545) | - | 265,328,215 |
| Contracted services | 38,051,154 | 54,130,584 | (353,347) | 91,828,391 |
| Grants and subsidies paid | 1,142,798 | 3,120,173 | - | 4,262,971 |
| Loss on disposal of assets | 3,594,573 | (3,594,573) | - | - |
| Inventories losses / write downs | - | 2,653,157 | 4,996,597 | 7,649,754 |
| Cost of sales / Inventory consumed | - | 59,156,877 | 2,923,615 | 62,080,492 |
| General Expenses | 97,383,807 | (45,651,989) | (6,024,555) | 45,707,263 |
| | **819,329,393** | **(25,484,555)** | **3,787,319** | **797,632,157** |


Kontraktering bring meestal 'n besparing vir die munisipaliteit mee. Die munisipaliteit betaal slegs vir die werk wat per kontrak gedoen word sonder om voorsiening te moet maak vir langtermyn-personeelkoste en/of byvoordele of na-aftrede verpligtinge soos 'n pensioen. Die kontrakwerk kan eenmalig wees – sou die munisipaliteit egter iemand spesiaal in diens moet neem om die projek te bestuur of te voltooi, kan die amptenaar(e) nie na afloop van die projek bloot weer uit diens gestel word nie. Boonop lei kontrakteringsprojekte merendeels tot werkskepping en opleidingsgeleenthede vir die personeel uit die gemeenskap wat vir die duur van die kontrak betrek word. Mosselbaai-munisipaliteit is verbind tot die groei van ons plaaslike ekonomie.

► Die skrywe beweer - **Van 2017 tot 2021 – 5 jaar het uitstaande krediteure met 50% toegeneem.**


Die outeur(s) het duidelik 'n fout begaan met die berekening van die persentasie, dit is nie 'n styging van 50% nie, maar wel 100.37%. Benewens styging van inflasie, moet verskeie ander faktore egter ook in ag geneem word, onder meer:

1. Styging in Eskom-rekeninge was ver bo inflasie; en
2. Die stadium van voltooiing van kapitaal en behuisingsprojekte speel ook baie groot rol. Dit kan ook duidelik gesien word in die bedarg van retensie gelde wat teruggehou word op verskeie projekte.

Hierdie toelaag befonds die koste om dienste aan die armes te verskaf, ingesluit elektrisiteit (25kwh – 50kwh), water (6kl), riool en vullisverwydering. Indien hierdie befondsing nie van die Nasionale Regering ontvang word nie, sal die munisipaliteit die koste vir hierdie basiese diens in sy jaarlikse begroting moet insluit, wat dan van die inwoners van die Mosselbaai-omgewing verhaal sal moet word deur die huidige eiendomsbelasting en dienstariewe te verhoog. Die tabel hieronder weerspieël die befondsing wat in hierdie verband van die Nasionale Tesourie ontvang is:




Die ander gedeelte van die Toelae-befondsing is Voorwaardelike Toelaes wat van beide die Nasionale en Provinsiale Regering ontvang word om die onderskeie nasionale en provinsiale prioriteite vir infrastruktuur, behuising en maatskaplike ontwikkeling, as voorbeeld, te implementeer op munisipale vlak. Die inkomste vir hierdie toelaes mag eers erken word sodra die projek geïmplementeer is en die uitgawe aangegaan is. Hierdie toelae-befondsing kan nie vir enige ander uitgawes van die munisipaliteit aangewend word nie, maar slegs in ooreenstemming met die voorwaardes van die toelaag. Die voorwaardelike toelae se geld word vooraf deur die munisipaliteit ontvang en word in 'n munisipale bankrekening bewaar totdat die uitgawes aangegaan word. Indien die uitgawe nie aangegaan word nie, moet die munisipaliteit die geld aan óf die Nasionale, óf die Provinsiale Regering terugbetaal, tensy goedkeuring verkry word om die fondse oor te rol na die volgende jaar om die projek te voltooi. Dié fondse word nie deur die munisipaliteit aangewend om sy bedryfsuitgawes te dek nie, aangesien dit teenstrydig met wetgewing sal wees en as ongemagtigde besteding beskou sal word. Soos in die finansiële state weerspieël, sal die munisipaliteit se kontant, kontantekwivalente en beleggings die Onbestede Voorwaardelike Toelaes insluit.




Die grafiek hierbo wys duidelik dat daar nie onbehoorlik staatgemaak word op toelae-befondsing nie en dat 'n baie nou band gehandhaaf word.

Inwoners word weer eens uitgenooi om enige navrae direk met die munisipaliteit op te neem – ons handhaaf 'n oopdeur-beleid. Inwoners sal waarskynlik die opsigtelike politieke motief waarneem in die verdagmakery en wanopvattinge.

Met die Nasionale ekonomie op sy knië, eksterne bedreigings soos die ongewaarborgde kraglewering en duur, eskalerende pryse vir kragvoorsiening en die krasse en voortdurende styging van brandstofpryse, daarmee saam die internasionale arena wat deur die oorlog in Okraïne oorheers word en gevaarligte laat flikker oor onder meer voedselsekerheid, behoort alles moontlik gedoen te word om die munisipaliteit te ondersteun om tot voordeel van inwoners 'n ekonomiese klimaat te skep waar die plaaslike ekonomie en gevolglik werksgeleenthede bevorder word. Die munisipaliteit fasiliteer verskeie infrastruktuurprojekte, onder meer die komende opgradering van Louis Fourieweg – befonds deur die provinsiale regering - wat deur 'n plaaslike kontrakteur geïmplementeer gaan word sodat plaaslike arbeid voordeel kan trek. Die munisipaliteit se opgradering van informele nedersettingsprogramme vorder fluks om verligting te bring vir die behuisingsnood van mense in informele nedersettings. Die Mountain View-behuisingsprojek langs Louis Fourieweg vorder goed en behoort eersdaags behoorlike behuising beskikbaar te stel aan sowat sowat 1 000 begunstigdes wat tot nog toe in ander mense se agterplase gebly het. Daarbenewens word ook gevorder met die planne vir 'n behoorlike nuwe dorpsontwikkeling suid van Louis Fourieweg agter die Korrektiewe Dienste-terrein waar nie net vir behoorlike bekostigbare huise nie, maar vir skole, klinieke, sportfasiliteite, 'n natuurpark en besighede voorsiening gemaak word sodat ook in die behoefte vir behuising en 'n waardige leefruimte vir die gewone salaristrekker voorsien kan word. Ook hierdie projek, wat oor 'n hele paar jaar sal strek, sal werksgeleenthede en 'n beter lewe vir almal meebring.

In my pas-afgelope begrotingstoespraak is ook verwys na talle ander infrastruktuurontwikkelingsprojekte wat binnekort in die vooruitsig gestel word, onder meer;

| *Top 10 Capital Projects - Related to Budgeted amount* | *2022/2023* |
|---|---|
| Upgrading of Informal Settlements - Capital spares | 60 000 000 |
| Capacity increase of Great Brak WWTW | 40 500 000 |
| Upgrading of Informal Settlements | 13 504 348 |
| Main Sewer Network between Glentana & Great Brak | 12 000 000 |
| Capacity increase of Pinnacle Point WWTW | 9 976 477 |
| Upgrade 66kV overhead line between Duinzicht and Ockert Bothma substations | 9 500 000 |
| Midbrak Main Sewer Network | 8 500 000 |
| Upgrading of CBD stormwater | 7 650 000 |
| Upgrade Herbertsdale Water Reticulation-M.I.G | 6 522 018 |
| Tarring of Streets & Roads :Construction of access road to Danabay | 6 425 000 |
| **TOTAL** | **R 174 577 843** |

Spesialis-ouditeurs van beide die Ouditeur-generaal en Provinsiale Tesourie se ouditmenings, ná intensiewe ter plaatse ondersoeke wat telkens oor etlike maande strek en met inagneming van al die plaaslike owerheidwetgewing en regulasies na die finansiële volhoubaarheid van Mosselbaai-munisipaliteit, is herhaaldelik en onteenseglik gerugsteun deur die onafhanklike graderingbevindinge van gerekende graderingsmaatskappye soos Good Governance Africa en Ratings Afrika. Hierdie ouditbevindinge is ook nasionaal en aanlyn gepubliseer en is toeganklik vir enige inwoner wat daarin belang mag stel.

Vriendelike groete

**Dirk Kotzé**
Uitvoerende Burgemeester
3 Junie 2022